# NOTULE

## EERSTE SITTINGSDAG
## MAANDAG 10 OKTOBER 2016

## SESSIE 1 (11:00 – 13:00)

### 1. KONSTITUERING (Bep 32.2)

Die Direkteur van die Noordelike Sinode, ds. Paul Grobler verwelkom die afgevaardigdes. Die tema van die Sinode is hoop.

Hy kondig die aantal verteenwoordigers ter vergadering aan. Daar is 289 afgevaardig en 252 van hulle is teenwoordig. Daar is ‘n tweederde meerderheid teenwoordig en hy verklaar die vergadering amptelik gekonstitueer.

### 2. OPENING

Ds. Chris Nel (emeritus) van Limpopo, as oudste leraar (79) in die vergadering, steek die sinodekers aan.

Ds. Gerhard Mahne (Marikana), die oudste dienende leraar in die Sinode (onder 70 jaar) gaan voort om die vergadering te open. Hy laat die vergadering saam sing uit Lied 175. Hy doen ‘n gebed en gaan dan voort om besielend te praat oor HOOP. Hy gebruik Hebreërs 10:19-25 as teks vir die verkondiging van die Woord. Hy doen ‘n gebed en dan sing die vergadering Lied 488:1-8.

Ds. Paul Grobler gaan voort met ‘n seremonie waar die ringe in alfabetise volgorde genooi word om elkeen ‘n kers aan te steek by die groot kandelaar op die verhoog. Ds. Grobler versoek voorts dat afgevaardiges seker maak dat hulle by die regte tafel sit en dan voortgaan om mekaar te leer ken en hulle verwagting van die sinode met mekaar te deel. Hy bedank ook vir ds. Attie Nel en sy vrou Renate vir die musiek wat hulle gaan maak tydens die wydingsgeleenthede. Hy bedank die personeel van die sinodehuis, die steunspan (4 studente), Christo du Plessis en sy span vir die klank en die notulespan.

Hy maak algemene reëlings aan die vergadering bekend, o.a.dat alle verslae as gelese beskou sal word.

Hy versoek die moderatuur om hulle plekke by die moderatuurstafel in te neem. Die moderatuur neem hulle plekke in.
Dr. James Kirkpatrick is ongesteld en word verskoon.
Ds. Attie Nel neem sy plek in as aktuarius.
Dr. Dewyk Ungerer neem sy plek in as voorsitter en spreek sy dank uit teenoor ds. Paul Grobler vir die reëlings vir die vergadering. Hy bedank ook die uittredende moderatuur. Hy spreek ook sy dank uit teenoor mede-moderatuurslede vir die werk gedoen tot op datum. Hy heet alle kerkraadslede welkom asook Neels Jackson (Kerkbode), prof. Kobus Schoeman UOVS (Kerkspieël), Jan-Jan Joubert (Hoof: Parlementêre Buro van die Sunday Times), dr. Sias Meyer (UP Dosenteraad) en Maryke Venter (CMR).
Dr. Moraka, Moderator van die VGK se Noordelike Sinode en ds. Nelis Janse van Rensburg, Moderator van die Algemene Sinode, gaan later by die vergadering aansluit om groeteboodskappe oor te dra.
Hy verwelkom ook lede wat die sinode vir die eerste keer bywoon asook afskeid aan diegene wat die sinode vir die laaste keer bywoon.

### 3. TWEEDE VERSLAG VAN DIE MODERATUUR (Los Stuk)

**1. LEI VAN DIE VERGADERING VAN DIE NOORDELIKE SINODE**

**AANBEVELING:**
**Die Sinode besluit dat die nuwe moderatuur eers teen die einde van die vergadering gekies word.**

Ds. Petrus Kriel versoek die moderatuur om die aanbeveling terug te trek. Die vergadering stem.

**Die aanbeveling word goedgekeur.**

**2. FUNKSIONARISSE TYDENS DIE SINODESITTING**

**AANBEVELINGS**
**2.1 Goedgekeur, soos gewysig.**
**Die Sinode keur goed dat die volgende persone as stemtellers optree tydens die sinodesitting: Karel Albrecht, Phil Gräbe, Johan Haasbroek, Rykie Howell, Pieter Jordaan, Retha Kruidenier, Leon Oosthuizen, Corne Randall, Rehan Rheeder, Tom Schutte, Andries Smal, Christo Janse van Vuuren (Sameroeper) Danie Ueckermann, Johan Wildenboer.**
**2.2 Goedgekeur.**
**Die Sinode keur goed dat die taakspanne wat gedurende die reses gefunksioneer het, as tydelike taakspanne tydens die sinodesitting sal dien.**
**2.3 Goedgekeur.**
**Die Sinode keur goed dat die notulespan uit die volgende persone bestaan: Hannes Bezuidenhout, Heinrich Carstens, Daniël de Vos (sameroeper), Emil Haarhoff, André Joubert, Marco la Grange, Dewald Roux, Snowy Swart, Piet Viljoen.**
**2.4 Goedgekeur.**
**Die Sinode keur goed dat alle aansoeke tot verlof deur die ringskribas hanteer word en dat die ringskriba toesien dat die notulespan daagliks daarvan in kennis gestel word.**

## 4. SINODALE DIENSRAAD (SDR) (Agenda bl. 10)

**1.9 AANBEVELING: Kennis geneem**
**Vir die toekomstige gladde funksionering van die SDR, het die SDR. by sy laaste vergadering versoek dat ringe hulle verteenwoordigers vir 'n termyn van vier jaar sal aanwys. Die Sinodale Taakspan Regte is gevra om dienooreenkomstig voorstelle t.o.v die wysiging van die kerkorde voor te berei.**

**AANBEVELING: Goedgekeur**
**2.1.4 Die sinode verbind hom opnuut aan die kernwaardes, visie en kernbesigheid, soos goedgekeur by die Sinodesitting van 2012.**

**AANBEVELING: Goedgekeur**
**3.1 Die sinode neem kennis dat dit so hanteer is** (sien 2.1.2.1 van hierdie verslag)

## 5. MIDDAGETE

Dr. Kobus Myburgh doen 'n tafelgebed en die vergadering verdaag vir middagete

# SESSIE 2 (14:00 – 16:00)

## 6. DIE KONTEKS WAARBINNE ONS MOET KERKWEES

Die voorsitter tref ordereëlings en stel ds. Anton Pienaar aan die woord. Ds. Pienaar lei die gesprek oor die konteks waarbinne ons moet kerkwees in en stel Mnr. Jan-Jan Joubert (Hoof: Parlementêre Buro van die *Sunday Times*) aan die woord.

Mnr. Joubert deel gedagtes oor die konteks waarbinne die NG Kerk in 2016 leef.

Ds. Pienaar gee die vergadering geleentheid vir vrae aan mnr. Joubert.

Ds. Pienaar bedank mnr. Joubert vir sy rol as lidmaat van die NG Kerk en wens hom die seën van die Here toe in sy loopbaan as joernalis.

Ds. Pienaar stel vir dr. Chris Klopper van die SAOU (Suid-Afrikaanse Onderwysers Unie) aan die woord, wat op sy beurt inligting deel met die vergadering oor die uitdagings en konteks van onderwys in Suid-Afrika.

Ds. Pienaar gee die vergadering geleentheid vir vrae aan dr. Klopper.

Ds. Pienaar bedank dr. Klopper vir sy bydrae in die land se onderwys.

Ds. Paul Grobler tref ordereëlings voordat die vergadering verdaag vir koffie.

# **SESSIE 3** (16:30 – 18:00)

## 7. GROETEBOODSKAP

Die Voorsitter (dr. Dewyk Ungerer) deel die vergadering mee dat ds. Hein Holder van die VGKSA Karlienpark, Rustenburg, gister in 'n motorongeluk oorlede is. Ds. Hendrik Moima (Assessor van die VGKSA Noordelike Sinode) dra in hierdie tragiese omstandighede 'n groeteboodskap namens die VGKSA oor aan die NG Kerk Noordelike Sinode.

Dr. Dewyk Ungerer bedank hom vir die oordra van dr Moraka se boodskap.

## 8. GESPREK: DIE KONTEKS WAARBINNE ONS MOET KERK WEES **(vervolg)**

Ds. Anton Pienaar stel prof. Kobus Schoeman (Kerkspieël) van die Universiteit van die Vrystaat aan die woord om meer inligting te gee vanuit die navorsing van Kerkspieël.

Ds. Attie Nel bedank vir prof. Schoeman vir sy bydae.

Dr. Dewyk Ungerer verwys bladsy 4 van die agenda (Inhoudsopgawe) as onderwerp vir tafelgesprekke: Wat kan gemeentes doen in terme van prof. Schoeman se gesprek?

Ds. Paul Grobler (Direkteur Noordelike Sinode) doen aankondigings en praktiese reëlings in verband met die res van die aand se verrigtinge en nagmaal reëlings te NG Waterberg.

Vergadering verdaag om 18:00

## 9. NAGMAAL (19:00)

Ds. Paul Grobler heet almal welkom en bedank die kerkraad van die NG Gemeente Waterberg vir die gebruik van hulle geriewe.

Ds. Abraham Viviers, een van die plaaslike leraars en voorsitter van die kerkraad, verwelkom sinodegangers namens die gemeente.

Broer Gert van Rensburg spreek dank uit vir die geleentheid wat die Langplaas Boerdery (buitekant Brits) se werkerskoor het om tydens die Nagmaal op te tree en een van die koorlede gaan voor in gebed, waarna die koor optree.

Dr. Dewyk Ungerer lei die erediens rondom die tema van Hoop vanuit Filippense 3:7-14.

- Wat steel jou hoop?
    - Ongehoorsaamheid
    - Liefdeloosheid
    - Menslike swakheid
    - Dors na ander dinge
- Waar leef hoop?
    - Hoop leef in die kop – om te ken

- Hoop leef in die hart – om te ervaar
- Hoop leef in die hand – om te doen

Voor die bediening van die Nagmaal word die name van leraars wat in die afgelope vier jaar tydens hulle bediening gesterf het, voorgelees.

- Ds. TA [Thomas] Verbeek van die NG Gemeente Magalieskruin-Pretoria
- 08/11/1966 - 25/03/2013
- Ds. JW [Johan] van Niekerk van die NG Gemeente Capital Park-Concordia
- 21/09/1957 - 26/08/2014
- Ds. C [Claudi] le Roux *[nee Opperman]* van die NG Gemeente Valhalla
- 22/01/1988 - 23/01/2015
- Ds. EJ [Ebert] van der Westhuizen van die NG Gemeente Pierneef
- 29/11/1989 - 31/05/2015
- Ds. J [John] Vosloo van die NG Gemeente Marikana
- 19/02/1953 - 16/12/2015

Ds. Paul Grobler maak ook melding van die lys van leraars wie se name in die Agenda (*In Memoriam*, bladsy 9) verskyn wat in die Noordelike Sinode werksaam was of hier afgetree het wat sedert September 2012 gesterf het.

## 10. LERAARS WAT IN DIE NOORDELIKE SINODE WERKSAAM WAS OF HIER AFGETREE HET

Ons is van die volgende persone bewus wat sedert die Sinode van 2012 oorlede is:

| | |
|---|---|
| Beukes, Ds. JC [Koos] | [PSD NGKA/VGK Noord-Transvaal] |
| Beyers, Ds. D [Dave] | [Waterkloof (lidmaat)] |
| Burger, Ds. AP [Alewyn] Burger | [Rustenburg-Noord (Northam)] |
| Carstens, Ds. JC [Cassie] | [Villieria, Kamporganiseerder N-Tvl, Pietersburg-Noord, Wierdapark-Suid] |
| Combrink, Ds. P [Pieter] | [Bronberg] |
| De Clerk, Ds. AJ [Johnnie] | [Hartbeeshoek, Waterkloof, Thabazimbi, Limpopo] |
| De Clercq, Ds. TJ [Tobie] | [Riviera] |
| Dekker, Ds. AM [Abraham] | [Louis Trichardt] |
| De Vries, Ds. PJ [Pieter] | [Florandia] |
| Esterhuizen, Ds. EL [Erens] | [Queenswood] |
| Fourie, Ds. MTS [Steyn] | [Warmbad-Wes] |
| Furstenberg, Prof. JP duT [Jaap] | [Burgerspark] |
| Hay, Dr. EJ [Eduan] | [Pretoria (Bosmanstraat)] |
| Herholdt, Ds. JD [Joël] | [Arcadia] |
| Horn, Ds. JMC [Jan] | [Waverley, Marikana, Quaggapoort] |
| Kotzé, Ds. DM [Danie] | [Kameeldrif (lidmaat)] |
| Kriel, Ds. EC [Eduard] | [Môregloed] |
| Louw, Ds. JM [Murray] | [Bybelgenootskap van SA (Pietersburg] |
| Louw, Ds. WF [Willem] | [Rietfontein-Noord (opdrag Sibasa)] |
| Marais, Dr. PW [Willie] | [Pretoria, Pretoria-Oos, PSD Gemeentebediening] |
| Minnaar, Ds. JR [Blessie] | [Waarnemende Jeugorganiseerder Noord-Transvaal] |
| Murray, Ds. HW [Henry] | [Mutare] |
| Oberholzer, Ds. SJJ [Sarel] | [Marken] |
| Oosthuizen, Ds. DJJ [Dirk] | [Burgerspark, Universiteitsoord, SA gemeente] |
| Pieters, Ds. MH [Tewie] | [Petronella, Sonop, Marikana, Eldoraigne] |
| Reyneke, Ds. JL [Louw] | [Bybelgenootskap van SA] |
| Schmidt, Ds. JR [Rauby] | [Bronberg] |
| Schnetler, Ds. L [Louis] | [VGK Kranspoort, Louis Trichardt (lidmaat)] |
| Schreuder, Ds. N [Noel] | [Burgerspark] |
| Seegers, Ds. JJ [Koos] | [Marondera, Pietersburg-Oos] |
| Smit, Ds. FA [Frans] | [Sonop, Valhalla-Suid] |
| Strydom, Ds. WM [Willie] | [Villieria, Kameeldrif] |
| Van Deventer, Ds. JJ [Japie] | [Nylstoom-Oos] |
| Van Deventer, Ds. PG [Pierre] | [Brits] |

| | |
|---|---|
| Van Heerden, Ds. JF [Jannie] | [Pretoria-Dowes] |
| Van Niekerk, Ds. C [Kerneels] | [Rietfontein-Suid, Wonderboom] |
| Van Rooyen, Ds. JC [Christo] | [Noordoos-Pretoria] |
| Venter, Ds. PT [Pierre] | [Renosterpoort, Sesmylspruit] |
| Vercuil, Ds. FJJ [Dirk] | [Magaliesfort] |
| Weepener, Ds. Harold | [VGK Limpopo gekoppel aan Marken] |

Dr. Dewyk Ungerer bedien die Nagmaal aan sinodegangers met behulp van die diakens van die NG Gemeente Waterberg. Almal word uitgenooi om te deel aan die Nagmaal en by die tafel word die volgende persone verwelkom: NG Gemeente Waterberg se twee leraars en hulle gades, NG Gemeente Nylstroom-Oos se leraars en hulle gades, dr. Dewyk Ungerer en ds. Paul Grobler.

Na die viering van die Nagmaal en Geloofsbelydenis, sing die sinodegangers Lied 486:1-4 as verbintenis tot die bring van hoop, waarna dr. Ungerer die seën uitspreek.

Na afloop van die erediens geniet die sinodegangers ‘n ligte aandete in die saal van die NG Gemeente Waterberg en verdaag daarna.

## 11. VERLOF: MAANDAG 10 OKT. 2016.

Ds. Hannes Bezuidenhout, Pietersburg-Noord. Hele dag.
Ds. Kobus Crous, Warmbad. Sessie 3.
Ds. Jana de Lange, Universiteitsoord. Hele dag.
Ds. Kobus Germishuys, Warmbad. Sessie 3.
Ds. Thinus Grobler, Noordoos-Pretoria. Hele dag.
Ds. Anton Pienaar, Suidoos-Pretoria. Sessie 3.
Ds. Fritz Snyman, Universiteitsoord. Hele dag.
Ds. Karel van der Westhuizen, Doornpoort. Hele dag.